



Verwysing: 20201012-8697
Lêerno.: 3/3/3/1/1
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuurminuut: 0007/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale en Hoofde van opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Opleiding en inwerkingstelling van die gewysigde Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2020 oor die gehaltebeheerstelsel (GBS) vir skoolgebaseerde opvoeders

1. Daar word verwys na Strategiese Mensbestuurminuut 0002/2020 van 11 Februarie 2020, wat oor die opleiding en inwerkingstelling van die gehaltebestuurstelsel (GBS) vir skoolgebaseerde opvoeders gehandel het.
2. Weens die Covid-19-pandemie en beperkings op sosiale interaksie wat gedurende die verskillende waarskuwingsvlakke opgelê is, kon die opleiding van skoolgebaseerde opvoeders in die GBS nie soos beplan in 2020 voortgaan nie.
3. In die tussentyd het partye in die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) ingestem dat Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2014 op 17 September 2020 deur 'n gewysigde Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2020 oor die GBS vir skoolgebaseerde opvoeders herroep en vervang word.
4. Die gewysigde ooreenkoms aanvaar die volgende ingefaseerde benadering tot die inwerkingstelling van die GBS:
 - 4.1 Die ooreenkoms sal vir prinsipale vanaf 01 Januarie 2021 in werking gestel word en vir alle ander skoolgebaseerde opvoeders vanaf 01 Januarie 2022.
 - 4.2 Opleiding moet gedoen en gebruikers van die GBS se vermoëns moet as volg opgebou word:
 - a) Prinsipale: Oktober – Desember 2020; en
 - b) Alle ander skoolgebaseerde opvoeders: Januarie – Desember 2021.

5. Die geïntegreerde gehaltebestuurstelsel sal steeds op opvoeders op posvlakke 1–3 gedurende 2021 van toepassing wees, aangesien die volledige inwerkingstelling van die GBS vir alle opvoeders vanaf Januarie 2022 sal plaasvind.
6. Alle skoolgebaseerde opvoeders en kringbestuurders moet kennis neem van die gewysigde GBS Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2020 en die tydsraamwerke vir opleiding en ingefaseerde inwerkingstelling.
7. Prinsipale moet 'n werksplanooreenkoms met hulle kringbestuurders aan die begin van elke jaar, wat in Januarie 2021 begin, teken.
8. Teen die agtergrond van die huidige Covid-19-omstandighede en om koste te beheer, sal die Wes-Kaapse Onderwysdepartement hoofsaaklik, waar moontlik, aanlyn opleiding op die GBS doen en gebruikers van die GBS se vermoëns opbou.
9. 'n Afskrif van die GBS Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2020 is op die RAVO-webwerf beskikbaar en kan afgelaai word deur die skakel hieronder te gebruik:
https://www.elrc.org.za/sites/default/files/documents/QMS%20for%20School%20Based%20Educators_compressed.pdf
10. Neem asseblief kennis dat die gewysigde GBS-ooreenkoms nie op skoolgebaseerde onderwyserapeute en sielkundiges van toepassing is nie. Hierdie amptenare sal voortgaan om RAVO Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2005 tot verdere kennisgewing te gebruik.
11. Die brief van die Departement van Basiese Onderwys van 01 Oktober 2020 in hierdie verband word vir maklike verwysing ingesluit.
12. Dit sal waardeur word as hierdie inligting oor die GBS onder die aandag van alle betrokke amptenare gebring word.

GETEKEN: LJ ELY

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE

DATUM: 2020-10-16